DEEL 118 | WEEK 14 | 2 APRIL 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RU



# Geseënde Paasfees

## Diesel, Paasfees en die Groot "Veiligry"-Illusie

Met Paasfees om die draai en die dieselprys wat soos 'n ongeduldige taxi-bestuurder bly klim, het Suid-Afrikaners weer hul jaarlikse belofte gemaak: hierdie keer gaan ons veilig ry.
Volgens onlangse "navorsing" (oftewel Oom Koos by die braaivleisvuur) beteken veilig ry dat jy net 10 km/h oor die spoedgrens ry in plaas van 20, jou seatbelt aansit nadat jy by die polisie verby is, en natuurlik jou foon net gebruik "vir vinnige WhatsApps".
Intussen het die dieselprys so gestyg dat baie mense dit oorweeg om eerder hul bakkies te stoot teen opdraandes en net af te ry op die afdraandes. Sommige het selfs begin vra of 'n donkiekar nie dalk weer in die mode is nie—minstens vat hy nie R28.95 per liter nie en hy kla net as hy honger is.
Padveiligheidsveldtogte doen hul bes, met slagspreuke soos *Arrive Alive*, maar in die werklikheid lyk dit meer soos *Arrive… eventually*. Veral as iemand voor jou besluit hy gaan nou skielik 60 km/h ry op 'n 120km/h pad omdat hy 'n skaap in die veld sien en dit moet bekyk.
Die grootste uitdaging bly egter die kombinasie van Paasfeesverkeer en mense se selfvertroue. Skielik is elke tweede bestuurder 'n Formule 1-renjaer—tot hy by 'n stopstraat kom en vergeet hoe dit werk.
Maar ten spyte van al die grappies, bly die boodskap dieselfde: ry versigtig, hou jou oë op die pad en probeer om nie die petroljoggie te laat huil wanneer jy volmaak nie.
Want een ding is seker—die enigste ding wat vinniger as jou bakkie op die oop pad ry… is die dieselprys self.
Met Paasfees op hande wens ons almal 'n geseënde Paasfees toe—mag jou pad veilig wees, jou tank vol bly (al is dit net halfpad), en mag jy by jou bestemming uitkom sonder stories van die verkeerspolisie.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Wanneer ’n selfoon meer as net vermaak raak*



• *Elmarie Els-Hammann*

Selfone en tablette is vandag ’n alledaagse deel van kinders se lewe, maar vir baie gaan dit verder as bloot vermaak. Te veel tyd op sosiale media kan kinders se konsentrasie, slaap en emosionele welstand beïnvloed. Dit kan selfs hul sosiale vaardighede en vermoë om emosies te hanteer, bemoeilik.


Vakansietyd bring dikwels nog groter uitdagings. Met skole toe en langer dae by die huis, spandeer kinders dikwels meer tyd op fone en minder tyd in interaksie met ouers, broers en susters. Hierdie ekstra skermtyd kan lei tot verveling, rusteloosheid en soms selfs konflik binne die huis.  Ouers word aangemoedig om duidelike tydsraamwerke vir fone en tablette te stel en saam met kinders te gesels oor wat hulle op sosiale media ervaar. Hierdie geselsies help kinders om verantwoordelikheid te leer en gee hulle ’n gevoel van vertroue en veiligheid.

Selfs eenvoudige aktiwiteite kan ’n groot verskil maak. Klein gesinsaktiwiteite sonder fone, soos stap in die buurt, saam kook, tuinmaak, lees of speletjies speel, bevorder balans en gesonde interaksie. Vakansies is die perfekte tyd om kinders te betrek by kreatiewe projekte, familievakansie-aktiwiteite of selfs by die voorbereiding van etes. Dit help kinders verstaan dat die wêreld buite hul skerm net so ryk en interessant is, en dat gesin en gemeenskap waardevol is.

Deur balans tussen tegnologie en die regte wêreld te leer, ontwikkel kinders beter emosionele en sosiale vaardighede en voel hulle meer verbind aan hul gesin en gemeenskap. Hierdie klein stappe help kinders om hulself veilig en ondersteun te voel in ’n digitale wêreld.

**Slim Wenke vir Kinders en Ouers**

- **Skermvrye tyd is goud werd**
  Probeer elke dag ’n uur of twee sonder fone of tablette – tyd vir gesels, speel of stap saam. Vakansies is ideaal vir langer skermvrye blokke.
- **Gesinsaktiwiteite sonder fone**
  Speletjies speel, saam kook, tuinmaak, of ’n kreatiewe projek aanpak bou vertroue en versterk familiebande.
- **Duidelike reëls**
  Stel eenvoudige reëls oor wanneer fone gebruik mag word en hou konsekwent by dit. Kinders voel meer veilig en verstaan grense beter.
- **Praat oor tegnologie**
  Vra wat jou kind op sosiale media doen en luister sonder oordeel. Gesprekke help kinders om verantwoordelikheid te leer en oop te wees oor hul ervarings.
- **Vakansie-idees vir kwaliteit tyd**
  Maak vakansietyd spesiaal deur saam stap in die natuur, mini-sporttoernooie in die tuin, leeshoekies saam of kookuitdagings te doen. Hierdie tyd saam bou herinneringe wat meer waardevol is as enige foon.
- **Positiewe beloning**
  Moedig gesonde skermgebruik aan deur ekstra tyd buite of ’n gesinsaktiwiteit as beloning.




## Heilbron se bloedskenkingsdag red honderde lewens

Die gemeenskap van Heilbron het op 24 Maart weer hul omgee-harte gewys tydens ’n plaaslike bloedskenkingsgeleentheid, waar ’n indrukwekkende bydrae gemaak is om lewens te red.

Altesaam 87 eenhede bloed is ingesamel, wat die potensiaal het om meer as 260 lewens te red. Hierdie prestasie onderstreep die groot waarde van elke bloedskenker se bydrae en die verskil wat dit in die samelewing maak.

Nege nuwe skenkers het ook die geleentheid aangegryp om vir die eerste keer bloed te skenk – ’n bemoedigende teken vir die toekoms van volhoubare bloedskenkings in die dorp. Onder hierdie nuwe skenkers was Marno van Biljon en sy sussie, Zelry van Biljon, wat deur Gerda Pieters saamgebring en aangemoedig is om deel te neem. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloedsdiens (SANBS) het hul opregte waardering uitgespreek teenoor elke bloedskenker wat gereeld hul ondersteuning bied en help om lewens te red. Hierdie suksesvolle dag dien as ’n herinnering dat elke druppel tel en dat ’n gemeenskap wat saamstaan, werklik ’n verskil kan maak.

## UIT DIE PEN: Week 14



En so gebeur dit dat iemand ’n donkie in die hande kry, net soos wat daar versoek is. Die Leermeester het gesê dat die dissipels na die dorpie toe moes gaan. Daar sou hulle ’n donkie sien wat daar vasgemaak is. By haar sal haar vulletjie wees. Al twee moet losgemaak word en na Hom toe gebring word.

En, het Hy gesê, as iemand iets vra, sê net dat Ek hulle nodig het, en dat hulle weldra teruggestuur sou word.

By die dorp het hulle inderdaad die twee donkies gesien en dit na die plek toe gevat waar almal gewag het.

Om die rit gemakliker te maak, het die vriende klere bo-op die donkie gesit, en die Leermeester het opgeklim.

Hulle was op pad na Jerusalem. Op ’n nederige donkie. Net soos die ou Testament voorspel het.

Ek weet presies wat deur my eie kop sou gemaal het op pad na die poorte van Jerusalem: Sal die mense ons met klippe gooi? Die Leermeester het pas sy vriend, Lasarus, uit die dood opgewek. Sê nou die mense sê hulle is van die duiwel besete?

En toe Lasarus opgewek word, en die mense die groot krag en mag van die Leermeester sien, het baie agter hulle begin aanloop om geleer te word. Ek kan net dink hoe kwaad die Joodse rabbis was. Dis so goed soos iemand wat jou gemeentelede kom afrokkel.

Die Jode het selfs die Leermeester by die Farriseërs gaan verkla. “Kan jy glo,” vertel hulle, “hierdie man wek mense uit die dood op. Nee, dis mos onmoontlik.” Iemand anders sê: “Dis toordery! Ek dink Lasarus was nie regtig dood nie. Ja, dit is sekerlik wat gebeur het.”

Die Jode het seker verslae gekyk hoedat die donkie en die hele prosessie met die pad af stap. Orals was daar mense wat aan die nuwe Leermeester se kleed wou vat. Daar was mense wat hulle klere, as blyk van eerbied, voor die donkie gegooi het.

Daar was ander wat met palmtakke in die lug geswaai het, ander het hulle palmtakke in die pad gegooi. Orals het stemme opgeklink.

“Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel! Hosanna aan die Seun van God.”

Want hulle het geweet dat hierdie Leermeester meer was as net ’n leermeester. Hy was die Een wat deur God gestuur is.

Die mense in Jerusalem het vir mekaar gevra: “Wie is hierdie man?”

Die skare wat saam met Jesus geloop het, het gesê: “Dit is die profeet Jesus van Nasaret in Galilea!”

Daar was mense wat die Leermeester gevolg het, maar dit in die geheim moes doen omdat hulle bang was vir die Fariseërs en dat hulle moontlik uit die sinagoges gegooi sou word.

Die Leermeester het gesien dat sinagoges geld maak uit ander mense. Mense wat kom offer, en dit as die enigste manier gesien het om hulle sondes te versoen. Die Leermeester het ‘n sweep gevleg en die mense wat daar handel dryf, uit die plek gejaag.

Hy het mense met deernis behandel, maar kon ook kwaad word. Hy het nie net verdoem nie, maar Hy het verwelkom. Op ’n mooi dag het Hy gesê: “Gaan dan heen en moenie meer sondig nie.”

En ten spyte van die wonderwerke en lewensveranderende preke wat Hy gelewer het, was nie alle mense beïndruk nie. Net vyf dae nadat Hy vereer is toe Hy met ’n donkie in Jerusalem gery het, het sommige van sy volgelinge hom misken. Daar was mense wat ewe skielik teen hom gedraai het. Hulle het Hom verloën. Die mense het geskree: “Kruisig Hom! Kruisig Hom!”

Onlangs lees ek dat’n skare mense wat betoog en wie mekaar nie ken nie, gewoonlik die intellektuele vermoë van die slimstes verloor, en dan doen hulle dinge wat die “onnoselstes” sou doen. Dalk is dit wat hier gebeur het. Dalk was dit groepsdruk. Of dalk wou die skare hul eie leermeesters beïndruk. Al het hulle al die wonderdade gesien en beleef, het hulle dit ewe skielik nie meer geglo nie.

Toe die Leermeester in hegtenis geneem is, en uiteindelik voor Pilatus verskyn, kon laasgenoemde ook geen beletsel teen Hom kry nie. Pilatus het gevra vir ‘n skottel water en sy hande voor die skare gewas. “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Dit is julle verantwoordelikheid,” het hy gesê.

Die skare het woedend geskree: “Laat die skuld vir sy bloed op ons en ons kinders rus!” Hulle het gekies dat ’n moordenaar vrygelaat moet word in plaas van die Leermeester. Hulle het ontken dat hulle aan Sy voete gesit het terwyl Hy hulle leer.

“Laat die skuld vir sy bloed op ons en ons kinders rus.”

Begenoemde is vir my die verskriklikste stelling ooit. Het hierdie mense geweet dat hulle hul nageslag vir ewig verdoem het? Het hulle geweet wat hulle sê?

’n Paar uur daarna is die Leermeester wreedaardig dood. Ek wonder hoe die skare mense gevoel het toe hulle Hom sien sterf?

Ek wonder hoe die skare gevoel het toe Hy na Josef van Arimatea se graf geneem is?

Ek wonder hoe hulle gevoel het toe Sy graf leeg was?

Ek wonder of hulle spyt het oor hulle woorde?

Ek wonder of hulle berou getoon het en om vergifnis gepleit het.

Ek wonder wat ek in hulle plek sou doen. Gee die meeste van ons nie ook net oor aan die leier met die laagste IK nie?

Ek hoop nie so nie.

Ek het hierdie week geleer dat daar vrede is by ’n Leermeester wat ons met liefde nader trek en ons vergewe wanneer ons verkeerd was.

Ek hoop jy ervaar dieselfde gedurende Paasfees.

# Suksesvolle proefdag bring waardevolle kennis na boeregemeenskap

Die Hoogte Boerevereniging het op 27 Maart, in samewerking met Syngenta, 'n insiggewende boeredag (proefdag) by Brinelda aangebied waar plaaslike boere waardevolle kennis en praktiese raad ontvang het.

Die dag het afgeskop met 'n besoek aan die proeflande, waar boere eerstehands kon sien hoe verskillende gewasse presteer en watter aanplantings die beste opbrengspotensiaal toon. Hierdie praktiese blootstelling het produsente gehelp om meer ingeligte besluite vir die komende seisoen te neem.

Gustav Venter, hoof van insekdoders, het die boere toegespreek oor die uitdagings wat die snywurm inhou. Hy het verduidelik hoe die lewensiklus van die wurm werk en beklemtoon wanneer die populasie op sy kwesbaarste is en dus die doeltreffendste beheer kan word. Venter het ook uitgelig dat die snywurm 'n trekkende plaag is en dat samewerking tussen bure noodsaaklik is om die verspreiding effektief te bekamp.

Dr. Maryke Craven, tegniese leier vir onkruiddoders, het verdere insigte gedeel oor die bestuur van onkruid en die belangrikheid van tydige en doeltreffende beheermaatreëls. Pierre Strydom van Brandt het op sy beurt gepraat oor plant voedings en 'n visuele demonstrasie aangebied wat die toepassing van produkte en tegnieke duidelik geïllustreer het.

Na afloop van die inligtingsryke program het boere die geleentheid gehad om saam te kuier en ervarings uit te ruil, wat die dag se sukses verder beklemtoon het.





*Op die foto vl: Abri Pretorius, Pierre Strydom, Eben Claassen, Johnny Claassen, Duard Bruwer, Theunis Meiring, Jacques van Zyl, Anton Earle en Darius Zeelie.*








## Troukoors



Janes en Klara is getroud op die 28ste Maart 2026 te Oranje Gasteplaas.

Janes is die seun van Juan en Renet van Rooyen. Klara die dogter van Lidia Avramov van Swellendam. Haar pa, Srdjan Avramov, woon tans in Amerika.

Die egpaar begin nou hul nuwe hoofstuk saam in Heilbron, waar Klara as apteker by Platteland Apteek werksaam is en Janes betrokke is by Janriti Boerdery.

# Klein daad van groot omgee by Iceberg raak harte



*Op die foto vl: Barnard Mahlangu saam met die motoris in nood.*

By die Iceberg Family Friendly Fuel City het 'n eenvoudige daad van vriendelikheid onlangs bewys dat omgee nog springlewendig is.

'n Motoris van Gauteng het by die vulstasie stilgehou op soek na hulp nadat sy waentjie, gelaai met produkte, sowat 30 km buite Heilbron met 'n pap wiel gaan staan het. Hy was op pad na Vrede en het dringend 'n wielmoersleutel nodig gehad.

Sonder om twee keer te dink, het Bernarnard Mahlangu 'n petroljoggie by Iceberg sy eie wielmoersleutel uit sy motor gaan haal en dit aan die man geleen, sodat hy sy reis kon voortsit. Die motoris kon sy wiel regmaak en het later teruggekeer om die wielmoersleutel persoonlik terug te besorg – dankbaar vir die hulp wat hy in 'n oomblik van nood ontvang het. Hierdie klein maar betekenisvolle gebaar herinner ons daaraan dat dit dikwels die eenvoudigste dade is wat die grootste verskil maak. In 'n wêreld wat soms gejaag en onpersoonlik voel, wys sulke oomblikke dat daar steeds mense is wat bereid is om te help – sonder huiwering, en sonder verwagting van iets terug.



# Pop-up mark bring lewe na Iceberg Family Friendly Fuel City



Die perseel het op Vrydag 27 Maart in 'n bruisende kuierplek verander toe The Brew Brothers se pop-up mark besoekers van heinde en verre gelok het – 'n dag gevul met kleur, geure en gemeenskapsgees.

Met gratis toegang en 'n ontspanne atmosfeer het besoekers van vroegoggend af ingestroom om die verskeidenheid stalletjies en produkte te geniet. Van kleurvolle blomme en plante tot unieke dekor en juwele, daar was iets vir elke smaak. Liefhebbers van lekker eetgoed is ook bederf met heerlike snack platters, heuning, wyn en selfs verfrissende mimosa-cocktails.

Die mark het verder 'n sterk fokus op handgemaakte produkte gehad, met items soos seep en handgemaakte kerse wat groot belangstelling gelok het. Gesinne het die dag veral geniet, aangesien daar ook kindervermaak beskikbaar was wat die jongspan besig gehou het terwyl ouers rustig rondgestap het.

Die geleentheid het nie net plaaslike entrepreneurs die kans gegee om hul produkte uit te stal nie, maar het ook bygedra tot 'n gevoel van gemeenskap en samehorigheid in die omgewing. Die informele, vriendelike atmosfeer het dit 'n ideale uitstappie gemaak vir vriende en families.

Met die sukses van dié pop-up mark is dit duidelik dat sulke inisiatiewe 'n belangrike rol speel om plaaslike besighede te ondersteun en gemeenskappe bymekaar te bring. Die hoop is dat nog soortgelyke geleenthede in die toekoms by Iceberg aangebied sal word.











# Heilbron Teen Takes the Stage to Empower a Generation



At just 17 years old, Teboho Moropodi from Heilbron is already making a remarkable impact—not only in the world of pageantry, but also in her community. A talented actress, model, entrepreneur, and passionate youth empowerment advocate, Moropodi is currently a semi-finalist for the prestigious Miss Teen World South Africa 2026 competition.

Her journey in pageantry has been marked by consistent excellence. In 2024, she was named a finalist in Miss Teenager South Africa, and in 2025, she secured a Top 5 position at World Imperial Beauties South Africa. During that competition, she was also honoured with both the Philanthropic Award and the National Spokesmodel Award, recognising her dedication to community upliftment and her strong voice as a young leader.

Beyond the runway, Moropodi is deeply committed to issues close to her heart—education, youth empowerment, and mental health awareness. She actively uses her platform to inspire and uplift young people, encouraging them to believe in their potential and pursue meaningful change in their communities.

Taking her mission a step further, Moropodi has founded and will host the first-ever Miss Heilbron 2026 pageant. This initiative aims to create a space where young girls can build confidence, develop leadership skills, and become actively involved in their communities. Through this platform, she hopes to open doors and provide opportunities for young women to grow, express themselves, and be recognised.

"I believe that young people are powerful agents of change," says Moropodi. "Through initiatives like Miss Heilbron, I want to inspire a generation that is confident, driven, and purpose-led."

With her determination and vision, Teboho Moropodi is not only representing Heilbron on a national stage but is also shaping a brighter future for the youth in her community.









# KENNISGEWINGS

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer Number T6728/2011** passed by
**WILLIAM THIRTLE,**
Identity Number: 581114 5042 086, Unmarried in favour of **SIMON SITHEBE,**
Identity Number: 670829 5298 089, Married, which marriage is governed by Customary Law in terms of the Recognition of Customary Marriages Act 120 of 1998, in respect of certain ERF 535 PETRUS STEYN, DISTRICT LINDLEY, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: FREE STATE at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Bloemfontein on this 12th day of March 2026.
**APPLICANT:**
**VAN SCHALKWYK & PARTNERS**
**JOHANNES PETRUS VAN SCHALKWYK**
**(LPCM-58927)**
**ADDRESS:**
**43 JUTA STREET, HEUWELSIG,**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-mail address: info@vanschalk.co.za**
**Contact number: 051 436 8616**


---

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
Deed of Transfer T10060/2014
passed byThe Joint Liquidators of
**MAKSPRO EEN PROPRIETARY LIMITED**
**(IN LIQUIDATION)**
**Registration Number 2001/017386/07**
**Number G656/2013**
in favour of
**THANDA KWAKHO HOLDINGS PROPRIETARY LIMITED**
Registration Number 2003/027877/07
in respect of
PORTION 7 (OF 6) OF THE FARM SMALDEEL 683, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE
IN EXTENT 73,5811 (SEVENTY THREE COMMA FIVE EIGHT ONE ONE) HECTARES
HELD BY **Deed of Transfer Number T10060/2014**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Free State at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Bryanston on
**PAGEL SCHULENBURG INC**
**PETER PLACE OFFICE PARK**
**FIRST FLOOR, HAMPTON HOUSE (BLOCK H)**
**54 PETER PLACE,**
**LYME PARK, 2132**
**Tel: 0114631214**
**Email: anzel@pagelinc.co.za**




## STROOP VAN SOJAS



PAUL KEOGH
071 363 4129

# FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

## WINKELURE


**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**



Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Herald Office National

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30**
**SATERDAE: 09:00 -12:00**
**Elsstraat 42, HEILBRON**
**Tel: 058 853 0006**




**SELF-INKING DATER STAMPS**



**SELF-INKING STAMPS**

Herald
Office National
Elsstraat 44,
Heilbron
Tel: 058 852 3033

**POSTNET Digital**

**Need a Criminal Record Check?**

**Get Quick & Convenient Results Today!**

| | |
|---|---|
| 24 - 48 hours: | R335 incl. VAT |
| 5 Hours: | R395 incl. VAT |
| 2 Hours: | R565 incl. VAT |

HURU

Visit PostNet Heilbron for more details

Disclaimer: This service is not a Police Clearance Certificate.Terms & Conditions Apply
For more information, visit www.huru.co.za

**POSTNET HEILBRON**

**COLLECTION & DELIVERY**
**Between Heilbron And The Vaal Triangle**
**EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY**
**R150 per parcel**
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK




**BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL**
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078

# SMALLS DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD

# Trap, Heilbron, trap!

Die jongste brandstofverhogings begin nou werklik druk plaas op boere, besighede en inwoners van Heilbron, met dieselpryse wat tans tussen ongeveer R27 en R29,49 per liter in die dorp wissel.


Volgens Vrystaat Landbou se president, Francois Wilken, is die impak van hoër brandstofpryse op produsente direk en ernstig. Hy het vandeesweek gesê boere wat reeds naby gelykbreek boer, nou verliese kan begin ly weens die styging in insetkoste, veral brandstof.

Brandstof is 'n kern-inset in landbou vir trekkers, vragmotors, stropers en besproeiing, en wanneer diesel styg, sny dit onmiddellik in boerdery se winsgewendheid. Die impak word verder deur die hele waardeketting gevoel, onder andere by vervoer en verspreiding.

Op 1 April is ds. Tommie van Vuuren van die Gereformeerde Kerk in Heilbron op sy fiets gesien waar hy ry om brandstof te spaar – en dit was nie 'n Aprilgrap nie, maar 'n praktiese voorbeeld van hoe duur brandstof mense se daaglikse lewe begin beïnvloed.

Sake-eienaars en inwoners sê vervoerkoste begin nou 'n groot rol speel in pryse, terwyl boere waarsku dat aanhoudende brandstofverhogings uiteindelik die hele plaaslike ekonomie raak.

Met diesel wat reeds naby R30 per liter beweeg, lyk dit of al hoe meer mense en besighede in dorpe soos Heilbron planne sal moet maak om kostes te bespaar.



*Op die foto regs: ds Tommie van Vuuren van die Gereformeerde Kerk in Heilbron*

# Local Economic Development Remains a Priority in Ngwathe

The Ngwathe Local Municipality reaffirmed its commitment to Local Economic Development (LED) during a handover ceremony held at Schonkenville Hall in Parys on 26 March 2026.

Executive Mayor Victoria de Beer-Mthombeni led the event, where equipment and tools of trade were handed over to more than 89 Local Economic Development beneficiaries from towns across the Ngwathe municipal area. The initiative forms part of ongoing efforts to support and empower small local businesses and entrepreneurs. The Mayor was joined by Members of the Mayoral Committee, the municipal management team, and officials from the office of the Minister of Small Business Development, Stella Tembisa Ndabeni, as well as representatives from the Free State Department of Economic, Small Business Development, Tourism and Environment Affairs (DESTEA). Key stakeholders, including SEDFA, were also present to support the programme.

Speaking at the event, the Executive Mayor expressed gratitude to Minister Ndabeni and all partners involved in making the initiative a success. She emphasized that supporting SMMEs remains a priority for the municipality, as small businesses play a crucial role in job creation and local economic growth.

SEDFA stands for the Small Enterprise Development and Finance Agency. It is a South African government agency that provides funding, business support, training, and mentorship to small businesses and entrepreneurs. Their goal is to help small businesses grow, create jobs, and contribute to the local economy. Through partnerships like this handover programme, SEDFA and government departments help small businesses by providing equipment, tools, and financial assistance so that entrepreneurs can start or expand their businesses.

AGS HEILBRON
**Pasga Fees: Vrydag, 3 April 2026 om 10:00**
Tema: Jesus ons Paaslam
**Saterdag, 4 April 2026 om 15:00**
Tema: Waar en wanneer het die Paasfees (Pasga) ontstaan?
**Sondag, 5 April 2026 om 10:00 - Opstandingsdiens.**
Almal baie welkom.







BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 7 APRIL 2026**
VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

SPIOENKOP BDY (WABURTON)
Kwartaallikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**WOENSDAG - 8 APRIL 2026**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

**DONDERDAG - 9 APRIL 2026**
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

**VRYDAG - 10 APRIL 2026**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za

Elsstraat 44,
Heilbron

Herald

Vir die stroop van Mielies en Sojas



Koos Engelbrecht
082 388 2277

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING